MEDIAPAKKIE

1. Welkom by TLU SA

TLU SA verwelkom elkeen van u hartlik by hierdie geleentheid en waardeer dit dat u die tyd afgestaan het om saam met ons te wees.

Aan die mediaverteenwoordigers spreek **TLU SA** graag sy waardering uit vir die rol wat die media speel om landbou se stem in die openbare gesprek te verteenwoordig. Dit is belangrik dat die uitdagings, werklikhede en bydraes van die landboubedryf op ’n eerlike en gebalanseerde wyse aan die publiek oorgedra word. Die voortbestaan van landbou raak immers elke Suid-Afrikaner.

Aan ons borge en vennote: Baie dankie vir u teenwoordigheid, vertroue en volgehoue ondersteuning. Elke rolspeler in die landbouwaardeketting het ’n belangrike bydrae om te lewer. Die boer mag aan die begin van die voedselketting staan, maar sonder die ondersteuning, kundigheid en betrokkenheid van talle ander ondernemings en organisasies kan die ketting nie optimaal funksioneer nie.

TLU SA se fokus bly die beskerming en bevordering van sy lede se belange en die skep van ’n omgewing waarin kommersiële landbou volhoubaar kan voortbestaan. Ons moet egter ook die groter prentjie raaksien. Landbou gaan nie net oor voedselproduksie nie, maar ook oor werkskepping, ekonomiese groei, voedselsekerheid en die voortbestaan van landelike gemeenskappe.

Die uitdagings waarmee boere daagliks te doen kry, beklemtoon die noodsaaklikheid van samewerking tussen alle rolspelers. Dit is deur betrokkenheid, begrip en daadwerklike ondersteuning dat die landbouwaardeketting versterk kan word.

TLU SA spreek ook sy opregte dank uit teenoor sy leierskorps en personeel vir hul toewyding en harde werk om die organisasie se doelwitte te bevorder en die belange van sy lede te dien.

Mag hierdie geleentheid dien as ’n geleentheid om bestaande verhoudings te versterk, nuwe samewerkingsgeleenthede te ondersoek en die belang van ’n sterk Suid-Afrikaanse landbousektor te beklemtoon. Baie dankie aan elkeen wat deel is van hierdie geleentheid en wat op sy of haar manier ’n bydrae tot landbou lewer.

2. ’n Boodskap vanaf die hoofbestuurder - Bennie van Zyl

TLU SA se standpunt: Welvaart word geskep, nie herverdeel voordat dit bestaan nie.

1. Van kritiek na oplossings

Vanaand wil ons hulde bring aan ons boere, wat ten spyte van moeilike en dikwels onsekere omstandighede steeds voortgaan om te produseer, te investeer en verantwoordelikheid te aanvaar. Spesiale erkenning kom ook ons leierskap op alle vlakke toe, want dit is hulle wat help om beleid, rigting en koers aan te dui. Dit is waaroor ons vriende as borge in ’n groot mate bestaansreg het en al die vriende van die media iets het om oor te skryf wanneer dit oor enige aspek van landbou gaan.

TLU SA se standpunt dat daar nie teen markkragte baklei kan word nie, bly 'n belangrike boodskap van realistiese hoop. Die mark bepaal uiteindelik of 'n onderneming ekonomies volhoubaar is. Dit is juis hierdie ekonomiese werklikheid wat ons moet erken en waarop ons die toekoms moet bou.

Die landboustorie se resultate is sigbaar op markte, maar die proses waardeur dit bereik word, speel dikwels in 'n donker kamer af. Dit is waar die media 'n besondere rol het: om die lig aan te skakel sodat die publiek kan verstaan wat boere doen, watter uitdagings hulle hanteer en hoe hulle tot die land se funksionering bydra.

Suid-Afrika word daagliks oorval met emosionele uitsprake oor alles wat verkeerd loop. Die probleme is werklik, die gevolge van swak beleid ernstig en die publiek se frustrasie verstaanbaar. Sosiale media het boonop 'n wêreld geskep waarin elkeen met toegang tot 'n sleutelbord of videokamera homself as 'n kenner kan voordoen.

Verantwoordelike en akkurate verslagdoening is daarom belangriker as ooit. Kritiek lewer is maklik, maar waar is die oplossings?

Kritiek sonder realistiese oplossings is nie leierskap nie. Ons moet ophou om mislukking bloot te ontleed en begin fokus op die voorwaardes wat sukses moontlik maak.



2. Welvaart word geskep, nie bloot herverdeel nie

Suid-Afrika se ekonomiese grondslag rus op 'n relatief klein deel van die bevolking wat formeel werk, ondernemings bedryf, produktief deelneem en persoonlike inkomstebelasting betaal. Met ongeveer 1,5 miljoen persone wat ongeveer 80% van persoonlike inkomstebelasting betaal, is dit duidelik dat 'n beperkte deel van die bevolking 'n buitengewoon groot bydrae tot die staat se direkte belastinginkomste lewer.

Hierdie mense en die ondernemings waarin hulle betrokke is, vorm 'n belangrike deel van die ekonomiese fondament waarop openbare dienste, infrastruktuur en maatskaplike ondersteuning gebou moet word.

Dit bring 'n eenvoudige ekonomiese waarheid na vore: 'n Land kan nie volhoubaar welvaart verdeel indien daar nie voortdurend nuwe welvaart geskep word nie.

Die doel behoort te wees om meer mense ekonomies aktief en produktief te maak, eerder as om die bestaande produktiewe grondslag voortdurend verder te belas en te verswak.

Die gesprek oor ongelyke welvaart moet daarom ook fokus op produktiwiteit, vaardighede, ondernemingskap, werksetiek, verantwoordelikheidsaanvaarding, kennis en die skep van ekonomiese geleenthede.



3. Ideologie teenoor ekonomiese werklikheid

Sedert 1994 het transformasie 'n sentrale beleidsbeginsel in Suid-Afrika geword. Die toepassing daarvan het op talle terreine voorkeur aan ideologiese doelwitte bo kundigheid, prestasie en ekonomiese volhoubaarheid gegee.

Kaderontplooiing, politieke bevoordeling, onbeheerde staatsinmenging, tenderkorrupsie en beleid wat beleggersvertroue ondermyn, het ernstige skade aan staatsinstellings en die ekonomie aangerig.

Die gevolge is sigbaar in onder meer Munisipaliteite, Eskom, Denel, SAL, die spoorwegstelsel en die Poskantoor.

Hierdie is nie bloot administratiewe mislukkings nie. Dit weerspieël bestuursbesluite en politieke prioriteite waarin ideologie te dikwels belangriker as ekonomiese uitkomste geword het.

Geen ekonomie kan volhoubaar groei wanneer politieke oorwegings kundigheid, produktiwiteit en finansiële verantwoordbaarheid verdring nie. Die ekonomie funksioneer nie volgens politieke slagspreuke nie, maar volgens vertroue, investering, vraag, aanbod en volhoubare opbrengste.

Suid-Afrika moet daarom wegbeweeg van 'n opeiskultuur na 'n boukultuur. Daar is 'n wesenlike verskil tussen mense wat geleenthede aangryp, vaardighede ontwikkel, ondernemings bou en verantwoordelikheid aanvaar en 'n ingesteldheid waarin die staat of ander mense voortdurend as die primêre oplossing vir persoonlike omstandighede beskou word.

Dit beteken nie dat armoede geïgnoreer moet word nie. Ondersteuning behoort mense egter te bemagtig om deel van die ekonomie te word, eerder as om permanente afhanklikheid te bevorder.

Onderwys moet jongmense voorberei om selfstandig te dink, probleme op te los, toepasbare vaardighede te ontwikkel, verantwoordelikheid te aanvaar en produktief tot die ekonomie by te dra. Dit moet ook ondernemingskap en werkskepping bevorder.

4. Die voorwaardes vir 'n funksionerende ekonomie

Die staat skep nie op sigself volhoubare welvaart nie. Sy verantwoordelikheid is om die omstandighede te skep waarbinne individue en ondernemings dit kan doen.

Dit vereis 'n aantal ononderhandelbare ekonomiese voorwaardes:

- Beleggingsvertroue.
- Beskerming van eiendomsreg en regsekerheid.
- 'n Bevoegde, onpartydige staatsdiens.
- Minder onnodige regulering en burokratiese struikelblokke.
- Verantwoordbare staatsbestuur.
- Erkenning van die privaat sektor as die primêre dryfkrag vir volhoubare werkskepping.
- Vaardigheidsontwikkeling en beroepsgerigte onderwys.
- Aanstellings op grond van kundigheid en bewese vermoë.
- Streng aanspreeklikheid vir korrupsie en wanbestuur.
- Meetbare prestasiedoelwitte vir staatsinstellings.
- Verantwoordelike besteding van belastingbetalersgeld.
- Rasionele ekonomiese beleid waar die markkragbeginsel sy rol speel.

Beleidsbesluite moet aan hul werklike ekonomiese gevolge gemeet word. Geen beleid behoort beskerm te word bloot omdat dit ideologies aanvaarbaar klink - terwyl dit investering ontmoedig, werksgeleenthede vernietig of produktiewe kapasiteit verswak.



Veiligheid as voorvereiste vir ekonomiese groei

Geen ekonomie kan floreer waar mense, ondernemings, eiendom en infrastruktuur nie veilig is nie. Misdaad is nie bloot 'n maatskaplike probleem nie, maar ook 'n direkte ekonomiese bedreiging.

Korrupsie, georganiseerde misdaad, afpersing, veediefstal, plaasaanvalle, infrastruktuurvandalisme en geweldsmisdaad ondermyn investering, landbouproduksie, werkskepping en gemeenskapsveiligheid.

Dit vereis bevoegde en toegeruste polisie- en speurdienste, doeltreffende ondersoek en vervolging, die uitroeiing van korrupsie binne wetstoepassingsinstellings en samewerking met bevoegde privaat veiligheidsinisiatiewe en gemeenskappe.

Veiligheid is nie 'n luukse nie. Dit is 'n basiese voorvereiste vir ekonomiese ontwikkeling.



5. Die media: Van blootlegging na oplossings

Die media het 'n onontbeerlike rol om die publiek ingelig te hou en politieke en openbare instellings aanspreeklik te hou. Kritiese joernalistiek moet beskerm en aangemoedig word. Daar is egter 'n verskil tussen die blootlegging van probleme en die bevordering van 'n konstruktiewe openbare gesprek.

Die media behoort daarom net nog beter aandag te gee aan vrae soos:

- Watter beleid lewer werklik ekonomiese groei?
- Wat skep vertroue by plaaslike en buitelandse beleggers?
- Watter onderwys- en opleidingsmodelle lewer werksgereed jongmense?
- Watter ondernemings skep volhoubare werk?
- Watter praktiese misdaadbekampingsinisiatiewe lewer resultate?
- Hoe kan suksesvolle ekonomiese en gemeenskapsinisiatiewe uitgebrei word?

Ons het genoeg ontleding van waarom Suid-Afrika misluk en daaroor moet ons eerlik wees. Die publiek verdien ook 'n ernstige gesprek oor hoe Suid-Afrika weer kan slaag.



6. TLU SA se boodskap: Kies uitnemendheid bo middelmatigheid

TLU SA se benadering is gegrond op die oortuiging dat volhoubare vooruitgang deur verantwoordelikheid, kundigheid, produktiwiteit, ondernemingskap en uitnemendheid bereik word.

Die landbou bewys daagliks dat ekonomiese sukses nie deur politieke slagspreuke geskep word nie, maar deur kennis, investering, harde werk, risikobestuur en volgehoue produktiewe deelname.

Boere verstaan dat winsgewendheid nie 'n luukse is nie, maar 'n voorvereiste vir voortbestaan. Die mark gee uiteindelik die finale antwoord. Daarom kan 'n boer nie sy omstandighede bloot aan ander oorlaat nie, maar moet hy verantwoordelikheid aanvaar en die beste moontlike besigheidsbesluite neem.

Hierdie beginsels behoort ook op nasionale vlak te geld.

Landbou is deel van die oplossing vir Suid-Afrika se ekonomiese uitdagings. Dit dra by tot voedselvoorsiening, uitvoere, werkskepping, plaaslike ekonomiese ontwikkeling en belastinginkomste.

TLU SA verwerp daarom beleidsrigtings en praktyke wat ekonomiese groei, eiendomsreg, veiligheid, investering en produktiewe deelname ondermyn. Ons staan vir 'n Suid-Afrika waarin mense die geleentheid het om deur hul eie vermoë, inisiatief en harde werk 'n beter toekoms te bou.

Die keuse is tussen ideologiese volharding en ekonomiese uitnemendheid.



Suid-Afrika het nie nog politieke slagspreuke nodig nie. Dit het ekonomiese realisme, bevoegde leierskap en die politieke wil nodig om te doen wat werk. Ons kan nie welvaart skep deur diegene wat dit produseer voortdurend te ontmoedig nie. Ons kan nie werkloosheid oplos sonder investering, ondernemingsgroei en produktiewe deelname nie. Ons kan ook nie ontwikkeling verwag sonder veiligheid, eiendomsreg, kundigheid en verantwoordbare bestuur nie.

Die pad vorentoe is duidelik: minder ideologie en meer ekonomiese werklikheid; minder politieke bevoordeling en meer kundigheid; minder afhanklikheid en meer produktiewe deelname; minder verdraagsaamheid vir mislukking en korrupsie, en meer verantwoordbaarheid en uitnemendheid.

TLU SA se boodskap is eenvoudig: Suid-Afrika moet ophou om mislukking te bestuur en begin om sukses moontlik te maak.

Welvaart word geskep deur mense wat bou, produseer, investeer en verantwoordelikheid aanvaar. Dit is die grondslag waarop Suid-Afrika se toekoms gebou moet word.



7. Strategiese boodskap aan die media

TLU SA behoort drie kernboodskappe konsekwent in sy mediakommunikasie te herhaal:

- Welvaart word geskep, nie bloot herverdeel nie.
- Werkskepping kom uit 'n groeiende privaat sektor, nie uit politieke beloftes nie.
- Sonder veiligheid, eiendomsreg, kundigheid en beleidssekerheid is volhoubare ekonomiese groei onmoontlik.

Ons beroep op die media is om nie net die lig op probleme te laat val nie, maar ook te help om die pad na oplossings aan te wys. Daar moet groter erkenning wees vir dit wat werk, vir die mense wat bou en vir die beginsels wat ekonomiese sukses moontlik maak.

Die uitdaging is om nie bloot die gevolge van 'n mislukte ideologie te probeer bestuur of regverdig nie, maar om die land se gesprek doelgerig te verskuif na dit wat nodig is om sukses te behaal.

Dit is die boodskap van realistiese hoop. Dit is die pad na ekonomiese uitnemendheid.



2. Die media se rol in Suid-Afrikaanse landbou

Landbou raak elke Suid-Afrikaner. Dit voorsien voedsel en vesel, ondersteun werksgeleenthede, dra tot ekonomiese groei by en speel 'n belangrike rol in die land se internasionale handelsposisie.

Tog is die werklikhede van landbou nie altyd vir die breër publiek sigbaar nie.

Die media help om hierdie gaping te oorbrug.


Deur verantwoordelike, akkurate en gebalanseerde verslaggewing kan joernaliste:

- **Bewusmaking skep:** Landbou se uitdagings, prestasies en behoeftes aan die publiek bekendstel.
- **Gesprekvoering bevorder:** Belangrike kwessies soos eiendomsreg, landelike veiligheid, water, infrastruktuur, arbeidsake en landboubeleid onder die soeklig plaas.
- **Kennis deel:** Verduidelik hoe landbouproduksie, markte en beleidsbesluite die land se ekonomie en voedselsekerheid raak.
- **Verantwoordbaarheid bevorder:** Verseker dat besluite en optrede wat die landbousektor raak, aandag geniet.
- **Suksesverhale vertel:** Die innovasie, deursettingsvermoë en bydraes van Suid-Afrikaanse produsente aan die lig bring.

Landbou het 'n sterk stem nodig. Die media help verseker dat dié stem verder as die plaashek gehoor word.



3. TLU SA: Wie ons is



TLU SA is 'n georganiseerde landbou-struktuur wat die belange van kommersiële boere bevorder en verteenwoordig.

Die organisasie is in 1897 gestig en werk vanuit die behoeftes van boere en die landbougemeenskap.

TLU SA se doel is om 'n omgewing te bevorder waarin kommersiële landbou veilig, volhoubaar en ekonomies lewensvatbaar kan funksioneer.

Die organisasie se werk fokus onder meer op:

- **Eiendomsreg:** Die beskerming van private eiendomsreg en die regte van grondeienaars.
- **Landelike veiligheid:** Die bevordering van 'n veiliger omgewing vir boere, hul gesinne en plaaswerkers.
- **Landboubeleid:** Die beïnvloeding van beleid en wetgewing wat kommersiële landbou raak.
- **Ekonomiese volhoubaarheid:** Die bevordering van 'n stabiele omgewing waarin boere kan produseer, belê en werksgeleenthede skep.
- **Voedselsekerheid:** Die beskerming en bevordering van 'n produktiewe landbousektor wat tot Suid-Afrika se voedselvoorsiening bydra.

TLU SA werk deur sy georganiseerde strukture en kollektiewe betrokkenheid om boere se belange op plaaslike, nasionale en ander relevante vlakke te bevorder.

TLU SA: Die vesting vir die boer.

4. TLU SA Sonneblomtoekennings 2026

Erkenning aan die mense wat landbou se stories vertel

Die Sonneblomtoekennings is **TLU SA** se manier om erkenning te gee aan uitstaande bydraes tot landboujoernalistiek en landboukommunikasie.
Die toekennings beklemtoon die belangrikheid van gehalteberiggewing en die rol wat verskillende mediaplatforms speel om landbou se stories aan die publiek oor te dra.

Daar word wenners in elk van die volgende kategorieë aangewys:

- Beste bydrae in Klankmedia
- Beste bydrae in Beeldmedia
- Beste bydrae in Geskrewe Media
- Beste bydrae in Multimedia

TLU SA wens al die wenners geluk en bedank hulle vir hul bydrae om Suid-Afrikaanse landbou se stories verder te vertel.

5. Landbou se stem moet gehoor word

Suid-Afrikaanse landbou staan voor verskeie uitdagings, maar bied terselfdertyd groot geleenthede.

Van landelike veiligheid en eiendomsreg tot water, infrastruktuur, arbeidsake, beleidsrigting en ekonomiese volhoubaarheid: hierdie kwessies verdien deurlopende aandag.

Die media speel 'n belangrike rol om hierdie gesprekke aan die gang te hou.

TLU SA wil voortgaan om met die media saam te werk, inligting beskikbaar te stel en betekenisvolle gesprekke oor die toekoms van kommersiële landbou te bevorder.

Wanneer landbou se stories vertel word, kry die publiek 'n beter begrip van die sektor se waarde en die uitdagings wat sy toekoms beïnvloed.

6. Saam bou ons aan ’n sterker voedselketting

Landbou is ’n waardeketting waarin elke rolspeler ’n belangrike bydrae lewer. Van finansiële instellings en diensverskaffers tot tegnologievennote, organisasies en ondernemings: elkeen help op sy eie manier om die landboubedryf te ondersteun en te versterk.

TLU SA waardeer die borge en ondersteuners wat na ons uitreik, ons werk moontlik maak en saam met ons in die toekoms van Suid-Afrikaanse landbou belê. Ons glo dat die hele voedselketting moet leef en floreer. Dit vra samewerking, betrokkenheid en wedersydse ondersteuning.

Ons sê dankie aan elkeen wat deel is van hierdie groter landbougemeenskap.



7. Mediaskakeling en verdere inligting

Vir verdere inligting oor **TLU SA**, sy standpunte, mediaverklarings en landboukwessies, besoek:

Webwerwe:

www.tlu.co.za

Kontakbesonderhede:

TLU SA
194 James Rylaan
Silverton
Pretoria
0184

Telefoon: 012 804 8031

E-pos: hb@tlu.co.za
E-pos: beleidsake@tlu.co.za

TLU SA
Die vesting vir die boer.

Landbou se toekoms raak ons almal.